Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

# AMENDEMENTE

# FEITEBLAD 10

HERSIENING 1, 11 JULIE 2016

'n Amendement kan breedweg omskryf word as die aanbieding aan die Huis van 'n alternatiewe voorstel in plaas van die oorspronklike voorstel.

Daar is drie soorte wysigings. 'n Wysiging kan gemaak word:

- deur woorde weg te laat;
- deur woorde weg te laat ten einde dit met ander woorde te vervang; en
- deur woorde in of by te voeg.

Die voorsteller van 'n wysiging moet dit skriftelik voorlê, dit onderteken, en indien die voorstel tydens 'n debat gemaak word, 'n afskrif daarvan by die tafel indien. Dit is ook tegemoetkomend as afskrifte aan Lede in die Raadsaal gesirkuleer word. Geen wysiging mag aan 'n vroeëre gedeelte van 'n vraag voorgestel word nadat 'n besluit oor 'n wysiging aan 'n latere gedeelte van 'n vraag geneem is nie. Die Voorsittende Beampte besluit oor die volgorde waarin wysigings voorgestel word.

In die eerste plek moet wysigings toepaslik wees en dit mag nie die oorspronklike vraag onverstaanbaar maak nie.

Verder mag 'n wysiging nie die omvang van die oorspronklike vraag uitbrei nie, byvoorbeeld:

> **Oorspronklike vraag:** Dat rook verbied moet word.
>
> **Wysiging:** Dat rook en drink verbied moet word.

'n Wysiging mag ook nie voorgestel word as dit die uitdruklike negatiewe stelling van die vraag is nie, byvoorbeeld:

> **Oorspronklike vraag:** Dat rook verbied moet word.
>
> **Wysiging:** Dat rook nie verbied moet word nie.

Die rede hiervoor is dat dieselfde resultaat bereik kan word deur teen die oorspronklike vraag te stem.

Net soos in die geval van 'n mosie word 'n wysiging die eiendom van die Huis nadat dit voorgestel is en kan dit slegs met verlof van die Huis teruggetrek word.

'n Wysiging kan ook aan 'n voorgestelde wysiging voorgestel word as die voorgestelde wysiging die oorspronklike vraag was. Die prosedure om 'n wysiging aan 'n wysiging voor te stel, word byvoorbeeld gebruik wanneer 'n Lid wens om saam te stem met woorde wat voorgestel word om ingevoeg te word, maar daardie woorde wil aanpas.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600